

Saterdag 6 Augustus

Skrifgedeelte: Johannes 16:1-15; HK Sondag 20

Fokusgedeelte: Johannes 16:7-9 (1933/53-vertaling)

Hemelvaart en Pinkster

Net die Johannes-Evangelie vertel van die intieme gesprekke wat Jesus met sy dissipels daar in die bovertrek net voor sy kruisiging gehad het. Dit was woorde van vertroosting en bemoediging. Hy demonstreer nederigheid toe Hy hulle voete gewas het (Joh. 13). Hy bid vir sy kerk (Joh. 17). Hy vertel ook vir hulle van die Heilige Gees (Joh. 14-16).

God het drie keer 'n groot begin in die wêreldgeskiedenis gemaak, naamlik in die begin toe Hy geskep het en alles laat ontstaan het (Joh. 1:1 -3). Tweedens het Hy herskep en alles nuut gemaak deur Christus se koms na die sondegevalle wêreld (Joh. 1:14), en derdens met die stuur van die Heilige Gees met Pinkster (Hand. 2).

In Johannes 16:7 staan egter dat die hemelvaart 'n voorwaarde is vir die koms van die Heilige Gees. Nadat Christus as die enigste ware Hoëpriester met sy offerbloed ter versoening van al ons sondes by die Vader ingetree het (Heb. 9), sal Hy vandaar die Heilige Gees na sy kerk stuur. Die Heilige Gees se taak is driedig:

- Die Heilige Gees is 'n *Trooster* (Joh. 16:7). Letterlik staan daar dat Hy 'n Parakleet is. Net soos 'n paramedikus voor die medikus of geneesheer die pasiënt medies versorg en stabiliseer, so word die Heilige Gees voor Christus se wederkoms na die kerk gestuur. Die Heilige Gees versorg ons totdat Christus weer kom. Sondag 20:53 leer: "Hy is ewig by my." Sondag 25:67 sê die Heilige Gees leer ons die evangelie en verseker ons deur die sakramente dat ons volle saligheid op die enige offer van Christus rus, wat aan die kruis vir ons gebring is.
- Die Heilige Gees is 'n *Oortuiger* (Joh. 16:8). Hy moet die wêreld van drie sake oortuig:
 - **Sonde:** Sonde is nie net haat, nyd, moord, leuens, diefstal nie. Dis ook om jou goddelike doel te mis. Jou doel is om God gelowig te eer in jou gehoorsaamheid aan Hom. Sonde is ongeloof. Ongeloof is verwerping van God se liefde in Christus. Ná die uitstorting van die Gees preek Petrus in Handeling 2:22, 23 – "Julle glo nie in die Here Jesus nie, en daarom het julle Hom gekruisig!"
 - **Geregtigheid:** Die Gees oortuig ons dat ons sonde gestraf móet word, maar dat God dit vergewe hét op grond van die voldoening van Christus (HK 21:56) wat Hy met sy hemelvaart voor God gebring het (Heb. 9).
 - **Oordeel:** Die owerste van hierdie wêreld is Satan, die opperste bedriëër. Hy en al sy navolgers is en sal geoordeel word. Hulle sal buitentoe gedryf word (Joh. 12:31). Hulle sal neergewerp word (Op. 12:9) en sal ewig in die poel van vuur dag en nag gepynig word (Op. 20:10). Satan se kop is vermorsel! Hierdie oortuigingswerk van die Gees gee die gelowige opnuut krag om te volhard in die geloof.
- Die Heilige Gees is 'n *Verheerliker* (Joh. 16:14) van Christus, want Hy lei ons in die waarheid en liefde van God.

Sing: Skrifberyming 43:4, 5, 6 (15-7)

Ds. AH (Arie) Stavast (Kroonstad)